



Administered by Discovery Health



**Mei 2010**  
Wat u wou geweet het van Remedi  
se skuif na Discovery

Die Discovery Health prosesse verskil van dié wat Remedi se vorige administrateur toegepas het. Ons het hierdie document saamgestel om enige vrae wat u in die verband mag hê, te kan antwoord.

### **Maak seker dat ons altyd u nuutste kontakbesonderhede het**

U nuwe lidmaatskapkaarte, nooddienplakkers, voordeelgidse en –skedule is in Februarie 2010 aan al die Remedi-lede gestuur. U moet asseblief al u besonderhede, soos vervat op die lidmaatskapkaarte, nagaan en verseker dat dit korrek is. Die korrekte inligting is belangrik om te verseker dat u eise korrek betaal word en Remedi relevante inligting vir u kan stuur.

U lidmaatskap van Remedi bly geldig, en die nuwe lidmaatskapnommer, wat Discovery aan u gestuur het, is vanaf 1 Maart 2010 die enigste geldige lidmaatskapnommer waarteen u eise verwerk sal word.

Skakel asseblief die Remedi-dienssentrum by 0860 116 116 indien u nie u lidmaatskappak ontvang het nie, of indien u persoonlike besonderhede nie korrek weergegee is nie.

0860 116 116, die nommer wat op u lidmaatskapkaart en ander dokumente aangedui is, is die enigste nommer wat u moet gebruik om navrae oor u voordele of die nuwe administrasieprosesse te doen.

### **[www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za) is aan lyn!**

U kon vanaf 1 Maart 2010 alreeds enige inligting oor u voordele of enige belangrike dokumente soos die Remedi brosjures en vorms bekom deur te registreer by [www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za).

Indien u 'n geregistreerde Vitality lid is, of indien u 'n Discovery-kredietkaart het, verskaf die webwerf ook toegang tot belangrike inligting oor hierdie produkte. Stuur asseblief u e-posadres na [service@discovery.co.za](mailto:service@discovery.co.za) voordat u op die webwerf registreer. Ons gebruik die adres om u te beskerm wanneer u die webwerf gebruik. Klik op "Register" en u sal stap vir stap deur die registrasieproses gelei word. Skakel asseblief 0860 100 696 indien u hulp nodig het om die registrasieproses te voltooi.

### **U 2010 eise**

Discovery Health sal vanaf 1 Maart 2010 alle Remedi eise verwerk. Dit sluit ook die eise in wat in Januarie en Februarie 2010 aangegaan is, tensy u dit alreeds na Metropolitan Health gestuur het.

## **Hoe om van Remedi te eis by Discovery**

Een of ander tyd moet almal dokter toe gaan – en dit is dan wanneer u moet weet hoe Remedi dokters en ander gesondheidsorgverskaffers sal betaal. Maak asseblief seker dat u dokter of verskaffer u persoonlike lêer opgedateer het met u nuwe lidmaatskapnommer en dat u eise vanaf 1 Maart na Discovery gestuur word. U kan u eis per epos stuur aan [claims@discovery.co.za](mailto:claims@discovery.co.za) of dit faks na 0860 329 252. Raadpleeg asseblief u Voordeelgids vir meer inligting.

## **Goedkeuring wanneer u hospitaal toe moet gaan**

Skakel DiscoveryCare by 0860 116 116 indien u goedkeuring vir toelating tot 'n hospitaal moet verkry. Verwys ook na u Voordeelgids vir meer inligting hieroor.

## **Teen watter koers word u hospitaal-verwante rekenings betaal?**

Huidiglik word slegs sekere kodes vir in-hospitaal sjirurgiese en mediese prosedures teen 200% van die Verwysingsprys betaal ten spyte daarvan dat Remedi normaalweg al dié kodes teen 200% moet betaal. Daar word gewerk daaraan om die problem reg te stel en tot tyd en wyl dit uitgesorteer is, hou die Skema die betaling van die eise terug. Die meeste van die eise sal op 19 Mei 2010 aan die verskaffers betaal word.

## **Gespesialiseerde tandheelkunde**

As gevolg van 'n spesifieke interpretasie van die gespesialiseerde tandheelkunde voordeel vir die Klassieke Opsie is hierdie eise verkeerdlik verwerp as Remedi-uitsluitings. Dit moet egter uit die Versekerde Buite-Hospitaalvoordeel betaal. Verder is laboratoriumkoste nie ingesluit by die gespesialiseerde tandheelkunde voordeel se kodelys nie. Dit het veroorsaak dat die kodes of as uitluitings verwerp word, of vanuit die Persoonlike Mediese Spaarrekening betaal vir lede op die Omvattende Opsie. Vanaf 17 Mei is die kodes egter by die Gespesialiseerde Tandheelkunde-kodes ingesluit.

## **Wanneer sal die foutiewe betalings vir hospitaal en tandheelkunde reggestel word?**

Eise wat nie korrek aangeslaan is nie, sal teen 19 Mei reggestel wees.

## **Bestuurde gesondheidsorgdienste sal deur DiscoveryCare verskaf word**

Indien u voorheen dienste van Qualsa ontvang het, is die inligting oorgedra na DiscoveryCare wat in die toekoms omvattende gesondheidsorg bestuur aan Remedi lede sal verskaf. Dit sluit in die bestuur van die Chroniese medisynevoordeel, 'n

program vir lede wat aan kanker ly, asook die bestuur van Remedi se MIV en VIGSprogram. Vir meer inligting hieroor raadpleeg asseblief u Voordeelgids.

### **Hoe werk die Chroniese Medisynevoordeel?**

Chroniese medisyne word voorgeskryf deur 'n geregistreerde mediese praktisyn en is lewensonderhoudend, m.a.w. daarsonder word die pasiënt se lewe in gevaar gestel. Die medisyne moet voordurend geneem word om hierdie lewensgevaarlike toestand(e) te kan bestuur.

Die medisynebestuursproses vir u chroniese medisyne word nou deur Discovery binne hulle Chroniese Medisynevoordeel bestuur. Dit sluit dekking in op al die Remedi Opsies vir 'n spesifieke lys van chroniese toestande soos vervat in die Voorgeskrewe Minimum Voordele (VMV), volgens die Lys van Chroniese Toestande, insluitende MIV of VIGS. Indien u medisyne gebruik wat op die VMV-lys is en die medisyne by een van Remedi se Voorkeurverskaffers koop, is die VMV Chroniese Medisynevoordeel onbeperk.

Op die Klassieke en Omvattende Opsies het u ook dekking vir ander siektetoestande wat nie in die VMV-lys vervat is nie, maar wat verder deur Remedi as lewensgevaarlik of degeneratief beskou word. Die medisynevoordeel is onderworpe aan maandelikse limiete, soos vervat in die Voordeleskedules vir die verskillende Opsies. Waar die maandelikse limiete vir die nie-VMV toestande oorskry word, sal u self vir die medisyne moet betaal.

Let asseblief daarop dat alhoewel u dokter u toestand as Chronies beskryf, mag dit in sekere gevalle nie deur Remedi so gedefinieer word nie. Die eise sal dan uit 'n akute medisynevoordeel betaal word.

### **Wie is Remedi se Voorkeurverskaffers?**

'n Lys van Remedi se voorkeurverskaffers is beskikbaar op die webwerf by [www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za) of u mag dit by 0860 116 116 bekom.

### **Wat gebeur wanneer u dokter u bestaande kroniese behandeling wil aanpas of wanneer 'n nuwe chroniese toestand gediagnoseer word?**

Indien ander medisyne voorgeskryf moet word (die sterkte of dosis moet verander), of indien u vir addisionele dekking wil aansoek doen, moet u dokter 'n Chronies Medisyne Aansoekvorm voltooi. Hierdie vorm is beskikbaar op die Remedi-webwerf by [www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za) of u kan dit verkry van die Remedi-dienssentrum by 0860 116 116.

Soms moet u dokter meer inligting verskaf sodat u aansoek afgehandel kan word.  
Ons sal u laat weet wanneer die aansoek goedgekeur is en inligting verskaf om u te help om u toestand te verstaan en bestuur.

## **Bybetalings vir chroniese medisyne**

Indien u nie die medisyne op die formulêr gebruik nie, maar verkies om sonder die goedkeuring van Remedi se mediese adviseur medisyne te gebruik wat nie as klinies toepaslik of effektief beskou word in die behandeling van u Voorgeskrewe Mediese Voordeel toestand nie, sal u 'n bybetaling gelykstaande aan 30% van die koste van die medisyne (wat die verskaffingskoste en BTW insluit) moet maak.

Remedi het vanaf 1 Maart 2010 Discovery se formulêr vir die Voorgeskrewe Mediese Voordele, soos vervat in die Lys van Chroniese Siektes, aanvaar. Enige nuwe goedkeuring wat na 1 Maart vir Chroniese medisyne verkry word, sal aan hierdie vereistes onderworpe wees. Enige verandering aan u bestaande goedkeuring, sal ook aan die nuwe vereistes onderworpe wees.

U Remedi-voordele bly dieselfde maar u mag wel in sekere gevalle aan nuwe prosesse onderworpe wees en ook van ander Voorkeurverskaffers moet gebruikmaak. In die toekoms sal u goedkeuring vir nuut-gediagnoseerde toestande of veranderings aan u bestaande voorskrif by Discovery se bestuurde gesondheidsorgaan, *DiscoveryCare*, moet verkry. Maak asseblief seker dat u bewus is van hierdie nuwe prosesse deur meer hiervan te lees in u Voordeelgids.

Wanneer die medisyne by een van Remedi se Voorkeurverskaffers verkry word, behoort daar geen bybetalings te wees nie. Indien u egter nie van die Voorkeurverskaffers gebruikmaak nie, sal u heel moontlik 'n bybetaling aan die apteek moet maak.

'n Lys van Remedi se Voorkeurverskaffers is beskikbaar op die webwerf by [www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za) of u kan dit by 0860 116 116 kry. U kan ook meer hieroor lees in u Voordeelgids.

## **Wat is u beskikbare voordele en hoe kan u toegang tot dié voordele kry?**

U voordele bly dieselfde maar U mag wel in sekere gevalle aan nuwe prosesse onderworpe wees en ook van ander Voorkeurverskaffers moet gebruikmaak. In die toekoms sal u byvoorbeeld goedkeuring vir nuut-gediagnoseerde toestande of veranderings aan u bestaande voorskrif by Discovery se bestuurde gesondheidsorgaan, *DiscoveryCare*, moet verkry. Maak asseblief seker dat u bewus is van hierdie nuwe prosesse deur meer hiervan te lees in u Voordeelgids.

**Ons sal na Mei 2010 die opgehoopde 2009 fondse in u Persoonlike Mediese Spaarrekening na u 2010 rekening oordra**

Die oordrag kan dan eers gedoen word aangesien Metropolitan Health geldige 2009 eise volgens wet nog tot aan die einde van April uit die 2009 fondse moes betaal. Sodra as wat ons seker is die korrekte bedrae is deurgegee, sal dit deur Discovery in hulle stelsel opgeneem en vir u beskikbaar gestel word. Let asseblief daarop dat Remedi volgens wet nie enige kontant aan u kan uitbetaal vanuit u Persoonlike Mediese Spaarrekening nie. Dit kan slegs gedoen word wanneer u na die Klassieke of Standaardopsie sou afskaal.

### **U kry toegang to sekere Discovery Health voordele**

As 'n Remedi-lid kry u toegang tot die volgende Discovery produkte:

#### **1. Discovery Vitality**

Discovery Vitality bevorder 'n gesonde lewenstyl. Wanneer u by die program aansluit, word u beloon vir 'n gesonde lewenstyl en u Vitality-status verbeter van Blou na Diamantstatus, aghangend van hoe meer gesond u leef. Hoe gesonder die lewenstyl, hoe beter die belongings!

Remedi lede het toegang tot al die Vitality-voordele en kan teen 'n ekstra koste by die program aansluit. U sal meer inligting hieroor ontvang in 'n volgende inligtingstuk.

U kan enige tyd by die Vitality program aansluit, maar sal drie maande lank 'n lid moet wees voor u van die program se reisvoordele sal kan gebruikmaak. U sal egter onmiddellik toegang hê tot verskeie ander voordele wat die program bied.

U sal nie 'n afsonderlike Vitality-kaart ontvang nie aangesien die Vitality-voordele aan u Remedi-lidmaatskap gekoppel is. Wanneer u by Vitality aangesluit het, is u Remedi lidmaatskapnommer dus ook die sleutel tot u Vitality-voordele.

#### **2. HealthyFood™ Voordeel**

Wanneer u by Vitality aansluit het u outomaties, sonder enige koste, vanaf 1 Julie 2010 toegang tot die HealthyFood™ Voordeel. U moet egter die voordeel aktiveer.

Wanneer die voordeel aktief is, kan u spaar wanneer u gesonde kossoorte by enige Pick and Paywinkel aankoop.

### 3. DiscoveryCard

U Vitality-lidmaatskap maak dit vir u moontlik om aansoek te doen vir 'n DiscoveryCard, 'n Visa-kredietkaart wat deur Eerste Nasionale Bank ondersteun word. U kry kontant terug wanneer u die kaart gebruik om aankope by die Vitality vennote te maak. Die hoeveelheid wat u kan spaar sal afhang van u Vitality status.

U kan meer inligting oor die Discovery Vitality voordele kry in die lidmaatskappak wat u in Februarie ontvang het of u kan ook by [www.yourremedi.co.za](http://www.yourremedi.co.za) meer daaroor lees.